

19 Februarie - BRUIDEGOM

Skrifgedeelte: Hosea 2:7-22 (NAV)

Fokusgedeelte: Hosea 2:18, 19

Die volk van die Here het soos 'n wederstrewige prostituut opgetree. Hulle het God vergeet en agter vreemde gode aangeloop. Daarom het die Here haar bitter swaar laat kry – heelwaarskynlik 'n sinspeling op die komende Babiloniese ballingskap.

Maar dan kom die groot verrassing: God word voorgestel as 'n bruidegom wat sy volk, sy bruid, die hof maak. Hy bring haar na die woestyn, 'n plek van swaarkry en ontberings. In die krisisonstandighede waar sy soveel moet ontbeer, sê die Here vir haar mooi dinge. Nóú, in haar ellende, maak die waarskuwings en beloftes van die Here vir haar sin. Die Akorlaagte, letterlik “ongeluksdal” (Jos 7:24-26), word nou 'n poort van hoop. Nóú beantwoord sy God se liefde.

Is dit nie wat die hemelse Bruidegom dikwels met elkeen van ons doen nie? Voordat jy nie jou sonde naak en eerlik besef nie, maak die verlossende liefde van God nie sin nie (Heidelberse Kategismus Sondag 1). Juis in die grootste ellende waarin ons onself dompel, word die ongeluksdal die poort na 'n nuwe toekoms.

Hoeveel egpare het nie al die wonderlike liefde van God ná ernstige huweliksprobleme ervaar nie! Eers as die man die voorbeeld van Christus navolg en die vrou sy liefde beantwoord soos die gemeente teenoor Christus, breek daar 'n nuwe toekoms aan.

Menige drankverslaafde het die onverdiende goedheid van die Here leer ken deur die probleme wat sy drankmisbruik veroorsaak het.

God laat alles – ook ons swaarkry en berou oor sonde – ten goede meewerk, omdat ons volgens sy besluit geroep is (Rom 8:28). Dit is die hemelse Bruidegom wat ons, sy bruid, getrou dikwels deur lewenskrisisse aan Hom bind sodat ons aan Hom toegewy sal lewe.

Sing: Psalm 107:13, 14 (1936-beryming)

Ds APC Duvenage (Emeritus)